


# opgesomde geouditeerde finansiële state

vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019



CAPITEC  
BANK  
HOLDINGS LIMITED

+19%  
tot 4 577 sent  
**Wesensverdienste per aandeel**

+19%  
tot R5.292 miljard  
**Wesensverdienste**

+19%  
tot 1 750 sent  
**Totale dividend per aandeel**



## Banksake gaan oor mense, met 'n passie om in kliënte se behoeftes te voorsien

Ons is steeds daarop gefokus om ons doelwit te bereik: om kliënte in staat te stel om hul finansiële lewens te verbeter. Dit word verkry deur onwrikbare toewyding aan die 4 grondbeginsels wat Capitec so suksesvol gemaak het.

**Eenvoud**, die wese van ons handelsmerk, is verweef in die wyse waarop ons ons bankoplossings, prysstrukture, digitale dienste en kommunikasie saamstel. Ons glo dat eenvoud, deursigtig gelewer, ons kliënte beheer oor hul geld gee.

Ons is vasbeslote om oplossings te lever wat **waarde vir geld** aan kliënte verskaf. Ons kostebewuste kultuur en innoverende prosesse en tegnologie stel ons in staat om bankkoste te verlaag. Ons gee die besparings deur aan ons kliënte, om banksake meer bekostigbaar te maak.

Ons gaan voort om banksake **toeganklik** te maak deur ons 840 takke (14 nuwes), langer bankre asook meer as 300 bankatake wat Sondae oop is. Ons het egter ook die ontwikkeling van ons digitale banksake versnel en sien beduidende groei in hierdie afdeling, met meer as 5.2 miljoen kliënte wat digitale kanale gebruik om enige tyd, op enige plek toegang te hê tot hul geld.

Die Capitec-handelsmerk word verder onderskei deur 'n verpersoonlike multikanal-**kliëntervaring** wat poog om langtermynverhoudinge met ons kliënte op te bou. Ons het 441 nuwe poste geskep en het nou 13 774 mense in diens wat daarop fokus om kliënte se behoeftes te verstaan, beter ervarings in ons fisiese en digitale dienskanale te skep en te lewer.

Die finansiële bedryf eraar uitdagende ekonomiese toestande benewens vooruitsigte van nuwe mededingers. Ons strategie is steeds om op ons kliënte te fokus, met 'n kombinasie van digitale banksake, 'n taknetwerk, en relevante en insiggewende kommunikasie om hulle te help om hulle banksake beter te behartig. Saam met ons vermoë om by die veranderende behoeftes van ons kliënte, nuwe markte en nuwe tegnologie aan te pas, sal dit vandag en in die toekoms Capitec se mededdinge voordeel bly.

## Verdiende styg met 19%

Vol gehoue groei getuig van ons vermoë om getrou te bly aan ons grondbeginsels. Kliënte vertrou 'n oplossing wat hulle verstaan, en wat betroubaar en deursigtig is. Hierdie fokus het tot 'n verbeterde kredietaanbod geleid, en 'n toename in transaksies danksy die vol gehoue verkywing van bankkliënte.

Ons kliëntebasis het met 15% tot 11,4 miljoen kliënte (2018: 9,9 miljoen) uitgebrei. Gemiddeld 127 000 kliënte het elke maand by ons aangesluit vanjaar.

## Maklik om te gebruik en altyd in beheer

Ons bemarking- en prysstrategie bevorder transaksies deur middel van ons selfdiens-oplossings (insluitend die banktoepassing, internetbankdienste, USSD (meestal gebruik deur kliënte wat nie 'n slimfonoot nie), selftelterminale binne takke en noot-hersirkuleerdele (DNR's)), wat kapasiteit in takke ontsluit om te verzeker dat ons kliënte meer persoonlike diens ontvang. Ons gee dus ons kliënte die vryheid om te besluit of hulle 'n tak wil besoek, of hul banksake wil doen waar en wanneer dit hulle pas.

Die volume selftelterminale- en DNR-transaksies het met onderskeidelik 11% tot 18 miljoen en 55% tot 29 miljoen toegeneem teen einde Februarie 2019. Netto transaksiefooi-inkomste het met 26% gegroei. Kliënte beweeg steeds vanaf die gebruik van kontant na kaarte en 62% van waarde is op kaarte bestee (Februarie 2018: 59%).

Die veiligheid van ons kliënte se geld en persoonlike inligting is vir ons belangrik, en is oorweg in die ontwerp van ons banktoepassing. Meer as 2,2 miljoen kliënte gebruik die banktoepassing aktief om betalings te doen, vooruitbetaalde transaksies te doen of hul rekeninge daagliks te bestuur. Die volume banktoepassing-transaksies het met 75% tot 343 miljoen toegeneem vir hierdie boekjaar (Februarie 2018: 196 miljoen). Die toepassing bied 'n eenvoudige, persoonlike gebruikservaring. Ons dek die koste van die data wanneer ons kliënte hierdie toepassing gebruik.

Verbeterde prosesse en gevorderde tegnologie het doeltreffendheid verhoog en ons in staat gestel om digitale banksake meer bekostigbaar te maak deur ons foote vir verlaag. Op 1 Maart 2019 is transaksiefooi vir betalings wat deur middel van die banktoepassing, die internet of USSD gedaan word, van R1,60 na R1,00 verlaag en die maandelikse administrasiefooi van ons Global One-rekening is van R5,80 na R5,00 verlaag. Met ingame van al die digitale bankfooi en die maandelikse administrasiefooi het ons R360 miljoen aan ons kliënte teruggegee. Om dit te balanseer, het ons die koste van kontantonttrekkings by OTM's vir bedraai bo R1 000 verhoog. Die risiko van kontanthanger in Suid-Afrika het die afgeloep paar jaar beduidend toegeneem. As 'n alternatief is intydse verrekning 'n eenvoudige oplossing vir kliënte om onmiddellike betaling via ons banktoepassing en internetbanktransaksies moontlik te maak. Dit is baie veiliger as om kontant rond te dra. Ons het die voorstu genem in die bedryf om die foote vir intydse betalings aan die ander bank van R10,00 na R8,00 te verlaag.

## Vertroue in ons handelsmerk

Kleinhandeldeposito's het met 23% tot R71 miljard toegeneem. Kliënte verdien tans minstens 5% rente per jaar op enige positiewe saldo op hul debet- of kredietkaarte. Gedurende die 2019-boekjaar het ons R3,9 miljard aan rente op lopende en vastetermyn-kleinhandelspaairekening en kredietkaartrekening bestuur.

Groothandelbefondsing het gedurende 2019 met 18% afname van R6,2 miljard na R5,1 miljard. Die befondsing vereiste van die leningsboek word deur vastefermynkleinhandeldeposito's, behoue verdienste en groothandelbefondsing gedek.

## Een begrafnispplan, meer dekking

Ons het 'n behoeftte aan 'n kliëntgerigte, bekostigbare begrafnispalan geïdentifiseer.

Die waarde-aanbod ten opsigte van die prys-, voordeel- en diensvervarsing perspektief het tot die markaanaarding van die produk bygedra. Die Capitec begrafnispalan het voordel soos kwetskelfde van die wagtyperk indien bestaande risikodekking vanaf 'n geregtseerde versekeraar oorgedra word, en 'n premiekwetskelfdevoordeel vir pasgeborenes wat toevoegings tot kliënte se gesinne vier teen geen koste vir tot 6 maande, en kliënte kan steeds die dekking, en gemoedsrus, geniet.

Die plan is deursigtig en maklik verstaanbaar, en verkrybaar via ons 840 takke en op die banktoepassing. 80% van die polisse is tot dusver in die tak uitgereik. Dit is 'n verdere bewys van hoe belangrik ons banktoepassing bly om kliënte die beste te bedien. Teen die einde van die finansiële jaar was meer as 360 000 polisse aktief. Ons is tevreden dat ons met die Capitec begrafnispalan die Bank Beter, Leef Beter-beginsel kan uitbrei.

## Krediet om die regte redes

Wanneer kliënte krediet verstaan, gebruik hulle dit op verantwoordelike wyse. Dit help hulle om hul finansiële doelwitte te bereik.

Ons moedig ons kliënte aan om die termyn van die lening wat hulle aangaan, te kies in ooreenstemming met die doel waaroor hulle die lening benodig. Volgolig was 56% van die waarde van lenings vir korter termyne of teen laer waardes, in vergelyking met waarvoor die kliënt gekwalifiseer het.

Ons het ook 'n skulverligtingsprogram op die been gebring om kliënte te help wat 'n inkomsteverslies buite hu beheer ondervind het.

## Kredietverlening

Die toepassing van optimale kredietstrategieë het tot 'n afname in kredietprodukte met korter termyne en 'n toename in langertermynlenings gele. Tien die agtergrond van 'n lustelose ekonomiese, en verhoogde kredietrisiko-opname in die onversekerde kredietmark, het ons verdere beperkings op die toestaan van lenings ingestuur. Ons het die toestaan van lenings aan kliënte wat geneig is om gerekeld die maksimum beskikbare bedrag te leen, beperk en voorgebou op ons omsoektige benadering tot die bepaling van bekostigbaarheid deur ons minimum lewenskoste-drempel te verhoog. Desondanks het ons ons leningsboek uitgebrei en geoptimeer deur op die gehalte van kliënte te fokus en die boek te beskerm teen kliënte wat waarskynlik onder skuldhersiening geplaas sal word.

Ons strategie is om die prys van onversekerde lenings te verlaag. Kliënte met positiewe kredietgedrag kry ons beste rentekoers en ons het 'n laer opbrengs op ekwiteit-teiken vir hierdie kliënte. Die gemiddelde rentekoers wat vir hierdie groep gevra is, was 17,5% in vergelyking met die boekgemiddeld van 24%. Ons onversekerde uitleenkoers is so laag as 12,9% en ons vra kredietversekering op die werklike bedrag van uitstaande skuld, nie op die oorspronklike leningsbedrag nie. Dit is 'n onderskeidelike kenmerk van die Capitec-kredietbekersmingsplan in die mark.

Ons kredietkaart-aanbod is goed ontvang deur die mark, met 'n maandelikse fooi wat onveranderd gebly het op R35, en 'n rentekoers wat so laag is as die prima koers. Met gemiddeld 14 000 nuwe kredietkaartkliënte per maand, het uitbetalings met 57% tot R6,2 miljard gestyg. Op 28 Februarie 2019 het die bruto kredietkaartboek R3,6 miljard bedra, met 'n markaandeel van sowat 3% van die totale Suid-Afrikaanse kleinhandelkredietkaartmark.

## Leningsinkomste

Ons het Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaard (IFRS) 9, die hersiene rekenenkundige standaard vir finansiële instrumente, op 1 Maart 2018 geïmplementeer. Volgens IFRS 9 word die rente wat op die lening erk word, in berekening gebring na aftrekking van die verwante voorseeningsheffing, sodra 'n lening oorgaan in Fase 3 (nie-presterende boek). Hierdie netto rente-erkennig het totale rente ontvang op lenings verminder en die verwante netto kredietafskrywingskoste met R1,1 miljard verlaag vir die huidige jaar. Hierdie aspek van die verandering het geen impak op die totale wins nie, maar lei tot 'n toenaming in die koste-toekomste-verhouding.

## Leningsboek, kredietafskrywings en slegte skulde afgeskryf

Die leningsboek het goed gevaa en 'n streg kredietverleningsbeleid is toegepas. Die totale netto lenings en voorskotteluit 87% op-datum lenings in (1 Maart 2018: 84%). Lenings agterstallig tot op 3 maande het met 8% afgeeneen. Vanaf 1 Maart 2018, volgens IFRS 9, het op-datum lenings met 'n beduidende toeneming in krediet risiko (SICR) en totale op-datum lenings wat herverklede is (nog nie gerehabiliteer is nie) met onderskeidelik 14% en 10% afgeeneen.

Op 28 Februarie 2018, volgens IAS 39, die vorige rekenenkundige standaard, is lenings en voorskotteluit wanneer hulle meer as 3 maande agterstallig was of 'n regstuur verkry het, wat ook al die vroegste was. Volgens IFRS 9 kan lenings afgeskryf word wanneer daar geen redelike verwagting van verhaling bestaan nie. Ons beskou hierdie punt as die tydstip wanneer 'n lening 'n huidige waarde van toekomstige verhaling van minder as 5% het.

'n Groot persentasie van lenings wat meer as 3 maande agterstallig was, is dus nie orhang van afgeskryf nie, weens die verandering in die afeskryf beleid. Dit het geleid tot 'n opbou van lenings in die balansstaat wat meer as 3 maande agterstallig is, met 'n toepaslike voorseening. Hierdie lenings is voorheen afgeskryf.

Na die implementering van IFRS 9 is ons steeds gefokus op die optimalisering van invorderings. Ons gebruik 'n kombinasie van hoogs gevorderde masjienleer- en regressielkaart-tegnieke om ons jare lange bedryfsvervaring in hierdie omgewing aan te vul.

Geen inbare verhaling word na afeskrywing erken vir enige moontlike verhalings nie, en enige bedrag wat na afeskrywing ontvang word, sal enkele word as 'n slegte skuld wat verhaal is. Die verwagte inbare verhalings op 1 Maart 2018 (R906 miljoen) het die netto huidige waarde voorseenig van verwaagte toekomstige verhalings op lenings wat voorheen volgens IAS 39 (die verhaling) afgeskryf is. Volgens IFRS 9 word geen toekomstige verwagte inbare verhaling na afeskrywing erken nie. Gevolglik het die inbare verhaling in die huidige jaar afgeloop en is verhaalde slegte skulde met R906 miljoen verminder.

Die tabel hieronder voorseenig die toepaslike verandering in die afeskryfing, verwante beweging in kredietafskrywings en slegte skulde verhaal volgens IFRS 9 in vergelyking met die vorige tydperk volgens IAS 39.

Kredietafskrywingskoste	2019	2018	Verandering % 2019/2018
Slegte skulde afgeskryf	R'm 1 268	6 662	(81)
R'm 3 649	(102)		
Bruto kredietafskrywingskoste*	R'm 4 917	6 560	(25)
R'm (467)	(1 280)	(64)	
Netto kredietafskrywingskoste*	R'm 4 450	5 280	(16)

\* In die huidige tydperk, volgens IFRS 9, word die kredietafskrywingskoste op 'n netto grondslag erken vir alle lenings geklassifiseer as Fase 3, met 'n vermindering van rente en slegte skulde afgeskryf met R7 073 miljoen vir die jaar geëindig Februarie 2019.

Die dekking van 109% vir die totale voorseenig vir kredietafskrywing in Fase 3 (verwagte inbare verhalings uitgesluit) en Fase 2 (tot op 1 maand agterstallig) toon dat ons voorseeningsmetodologie konserwatief bly.

## Belasting

Versekeringsinkomste en begrafnispalin komkomste word vanaf die verwante selstruktuur ontvange as 'n dividend deur die belasting. In die huidige belastingjaar is die belasting toekrybaar aan die wins op selstruktuur afgetrek van die netto versekeringsinkomste en begrafnispalin inkome en uitgesluit van die belastinguitgawelyn. Dit het meegeding dat die effekte van belastingkokers, soos bekend gemaak, tot 25,2% afgeloek het vir die huidige belastingjaar. Saam met die belasting wat in die selstruktuur betaal word, bly die effektiewe belastingkokers vir die bank ongeveer 28%.

## Kredietgraderings

S&P Global Ratings het Capitec Bank se graderings op 22 November 2018 met die vooruitsig as stabiel bevestig. Ons het 'n internasionale langtermyngradering van BB en 'n internasionale korttermyngradering van B. Die Suid-Afrikaanse nasionale langtermyngradering is zaAA en die korttermyngradering is zaA-1. Ons internasionale langtermyngradering is dieselfde as die soewereine gradering, asook dié van ander groot Suid-Afrikaanse banke.

## Sterk kapitaalvlakke en gesonde likiditeit

Ons het nogtans kapitaal om ons groeivereistes te dek. Op 28 Februarie 2019 was die kapitaaltoereikendheid 33,9%.

Die IFRS 9 implementering, na die toepassing van die infasierungsperiode, het geleid tot 'n afname van 0,5% in die kapitaaltoereikendheidsvorhouding, gebaseer op die huidige jaar se kapitaal- en risikogewegde bates.

IFRS 16, wat verband hou met hulkontrakte, met 'n implementasiedatum van 1 Maart 2019, sal tot 'n verlaging van tussen 1,3% en 1,5% in die kapitaal